Die Hoër Tegnologiese Skool
# John Vorster

18 Mei 2026

Beste JV-Ouers

Dit is met groot dankbaarheid in ons harte dat ons skool se buitemuurse aktiwiteite tot dusver groot hoogtepunte beleef. Ons kinders is betrokke, ons ouers ondersteun hulle kinders en ons maak skoonskip in die onderskeie ligas. Hierdie leerderdeelname is essensieel in die leerder se ontwikkeling in totaliteit.

Dit het egter onder my aandag gekom dat daar sekere ouers is wat met hulle optrede en taalgebruik langs die sportveld die skool in ‘n verleentheid stel. Dit is vir seker so en verstaanbaar dat mens langs ‘n sportveld opgewonde raak as die spel goed verloop of ontsteld, as ons dink ons kinders word benadeel.

Maar die wyse waarop ons hierdie gevoelens en emosies uitdruk, is van groot belang. Tot dusver het ons leerders ongelooflike mooi, positiewe sport gespeel en ons wil dit graag so hou. Ons is baie trots op die leerders se gedrag op die sportveld.

Ouers se reaksie langs die sportveld het egter ‘n groot impak op die spelers op die veld. Negatiwiteit en onvanpaste taalgebruik kan lei tot negatiewe spel op die sportveld en ook die beeld van die skool skade aandoen. Daarom versoek ek dat ons ouers mooi sal dink voor daar negatiewe opmerkings gemaak en/of swak taal gebruik word. Ons was nog altyd baie trots op ons JV-Ouers en wil dit graag so hou.

Ek verwys u graag na punt 11.11 van die **GEDRAGSKODE VIR ALLE BELANGHEBBENDES BY HTS JOHN VORSTER** wat ook op die skool se webbladsy beskikbaar is.

11.11 **Ouers en besoekers se gedrag gedurende skoolbesoeke of enige skoolaktiwiteite:**

1) Ouers en/of besoekers moet so optree dat hulle nie die skool se naam oneer aandoen of personeel of leerders in die verleentheid stel nie. Hulle gedrag moet van so 'n aard wees dat hulle altyd 'n goeie beeld van die skool na buite uitdra en uitbou.

2) Ouers en/of besoekers moet selfbeheersing toepas en respek, hoflikheid en verdraagsaamheid teenoor mekaar, opvoeders, leerders, medetoeskouers, afrigters, skeidsregters, beoordelaars en teenstanders betoon.

3) Opvoeders, deelnemers, afrigters, skeidsregters of beoordelaars mag nie geïntimideer word nie, dus word positiewe gedrag tydens enige aktiwiteite en sportwedstryde verwag.

4) Ouers en/of besoekers moet optree volgens die etiese kode wat 'n bepaalde kultuur- en sportsoort vereis, nl dat:

   a) fisiese geweld, lasterlike en beledigende taal of onwelvoeglike tekens gedurende sportwedstryde of ander aktiwiteite, die waardigheid en goeie naam van die skool aantas en streng verbode is;

012 332 1760 info@htsjv.co.za

   b) ouers en ondersteuners versoek word om hulle van negatiewe opmerkings of onwelvoeglike taalgebruik teenoor skeidsregters, opvoeders, ander beamptes, beoordelaars, afrigters en spelers of hulle teenstanders se ondersteuners te weerhou;

Natuurlik moet ons 'n saak aanspreek wat ons leerders benadeel, maar daarvoor het die skool verskeie kanale waardeur u 'n klagte aanhangig kan maak, nl. die afrigter, aktiwiteitorganiseerder, die adjunkhoof vir buitekurrikulêre aktiwiteite, mnr. Van der Westhuizen, of die skoolhoof.

Hierdie mense sal nie skroom om u bekommernis aan te spreek en te hanteer wanneer dit 'n geldige aangeleentheid is nie.

Dankie JV-ouers dat ek hierdie aangeleentheid kan aanspreek, asook volle vertroue het dat hierdie tipe gedrag nie langs ons skool se sportvelde of by ander skole waar ons kinders deelneem, sal plaasvind nie.

Ons hou duime vas vir goeie prestasies vir al kwartaal 2 se aktiwiteite en daarvoor benodig ons elke ouer en ondersteuner wat die skool op 'n positiewe wyse ondersteun.

Vriendelike JV-groete.

Me. A. Dowd

HOOF